DS. M. P. VAN DIJK, *Gesprekken met de Dood*, J. H. Kok N.V., Kampen, 1956, 88 pp.

Ons het hier te doen met 17 sketse waarin die skrywer die probleem van dood en lewe in sy eksistensiële betrokkenheid in verskillende situasies

aanbied. Dit is subjektief, meesal in die eerste persoon en in dialoogvorm geskrywe.

Die laaste hoofstuk is die skrywer se oriëntasie ten opsigte van die probleem, waar hy die „ruimte van die lewe" in die verbondenheid met God en die „ruimte van die dood" in die vervreemding van God vind.

Die boekie het nie veel in nie, maar deur die oorspronklike benaderingswyse van die skrywer slaag hy daarin om die probleem van lewe en dood uit die abstrakte neer te trek en vir sy leser aan die lyf te bring; daarin steek baie waarde.

Die boekie is soos al J. H. Kok se produkte besonder mooi, netjies en sterk uitgegee.

P. S. DREYER.